



GRONDWET VAN DIE NWU-KONVOKASIE

Verwysingsnommer	1P/1.3.33
Beleideienaar	NWU-Konvokasie
Beleidsadministrateur	Registrateur
Verantwoordelike afdeling	Korporatiewe en Inligtingsbestuursdienste
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	28 Maart 2018
Datum van wysigings	2018
Hersieningsdatum	2021
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules
Adres op die beleid-databasis	(10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad Maart 2018\1P/1.3.33_Convocation Constitution_e.docm

GRONDWET VAN DIE KONVOKASIE VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT

AANHEF

- NADEMAAL 'n vereniging van alumni bekend as die Noordwes-Universiteit-Konvokasie (die Konvokasie) tot stand gebring is deur paragraaf 30 van die *Statuut van die Noordwes-Universiteit (2017)* (die Statuut) ingevolge artikel 26(2)(g) van die *Wet op Hoër Onderwys, 1997* (die Wet);
- EN NADEMAAL die Statuut in paragraaf 31 voorsiening maak vir die doelstellings en funksies van die Konvokasie en vir die aanvaarding deur die Raad van die Noordwes-Universiteit (die Raad) van 'n grondwet vir en met die goedkeuring van die Konvokasie;
- EN NADEMAAL die Statuut in paragraaf 32 voorsiening maak vir lidmaatskap van die Konvokasie en vir stemreg;
- EN NADEMAAL die Statuut in paragraaf 33 voorsiening maak vir die president en uitvoerende komitee van die Konvokasie;
- EN NADEMAAL die Statuut in paragraaf 34 voorsiening maak vir vergaderings van die Konvokasie;
- EN NADEMAAL die Statuut in paragraaf 30(3) daarvoor voorsiening maak dat die Konvokasie sy eie strukture tot stand kan bring, en geskikte strukturele reëlings met ander liggame binne of buite die Universiteit kan aangaan om sy doelwitte te bereik;
- EN NADEMAAL die Noordwes-Universiteit-alumni 'n aansienlike potensiaal byeengebring het in die lede van die Konvokasie van die Universiteit deur wie die Konvokasie 'n bydrae wil maak tot die vorming van die toekoms en die verwesenliking van die strategiese agenda van die Universiteit;
- NOU DERHALWE keur die Raad hierdie grondwet goed met die instemming van die Konvokasie.

1 Woordomsrywings

In hierdie grondwet, tensy dit uit die samehang anders blyk, het enige woord of frase die betekenis wat die Wet en die Statuut daaraan toeskryf, en beteken –

- 1.1 "uitvoerende komitee" die uitvoerende komitee van die Konvokasie soos bedoel in die paragraaf 33(1) van die Statuut en in artikel 3 van hierdie grondwet;
- 1.2 "die forum" die institusionele forum van die Universiteit soos bedoel in paragraaf 22 van die Statuut;
- 1.3 "lid" 'n persoon soos bedoel in paragraaf 32 van die Statuut en wie se naam verskyn op die konvokasierol soos bedoel in subartikel 2.2.2 van hierdie grondwet, en
- 1.4 "sekretaris" die registrateur van die Universiteit.

2 Lidmaatskap

2.1 Tipes lidmaatskap

Behoudens subartikels 2.2, 2.4 en 2.5 van hierdie grondwet kwalifiseer die volgende persone vir lidmaatskap:

- (a) gegradueerde alumni van die Universiteit;
- (b) gediplomeerde alumni van die Universiteit;
- (c) permanente personeellede van die Universiteit en van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van Noordwes; en
- (d) erelede.

2.2 Vereistes vir lidmaatskap

- 2.2.1 Om lidmaatskap te verkry, moet 'n persoon wat in enige van die kategorieë val soos bedoel in subartikel 2.1 (a), (b) en (c) skriftelik aansoek doen, en –
- (a) die sekretaris voorsien van persoonlike besonderhede, 'n geldige posadres en die besonderhede van sodanige ander kommunikasiekanale en inligting soos bepaal deur die uitvoerende komitee en geverifieer deur die sekretaris, en
 - (b) die ledegeld deponeer soos voorgeskryf ingevolge par. 32(4)(b) van die Statuut.
- 2.2.2 Na bevrediging van die vereistes soos gestel in subartikel 2.2.1 teken die sekretaris die naam en tipe lidmaatskap van 'n lid in 'n amptelike register aan, wat bekendstaan as die konvokasierol, en wat deur die sekretaris bygehou word.

2.3 Regte met betrekking tot tipes lidmaatskap

- 2.3.1 'n Lid soos bedoel in subartikel 2.1(a) kan –
- (a) vergaderings van die Konvokasie bywoon;
 - (b) stem oor aangeleenthede wat voor die Konvokasie gebring word;
 - (c) lede benoem vir verkiesing en stem in 'n verkiesing van die uitvoerende komitee en Raadslede wat verkies word vanuit die geledere van die Konvokasie;
 - (d) persone benoem vir die toekenning van erelidmaatskap van die Konvokasie;
 - (e) verkies word om 'n lid van die uitvoerende komitee te word, en
 - (f) verkies word om 'n lid van die Raad te word.
- 2.3.2 'n Lid soos bedoel in subartikel 2.1(b) en (c) kan –
- (a) vergaderings van die Konvokasie bywoon;
 - (b) stem oor aangeleenthede wat voor die Konvokasie gebring word;
 - (c) lede benoem vir verkiesing en stem in 'n verkiesing van die uitvoerende komitee en Raadslede wat verkies word vanuit die geledere van die Konvokasie, en
 - (d) persone benoem vir die toekenning van erelidmaatskap van die Konvokasie.

2.4 Erelidmaatskap

- 2.4.1 Benoeming vir die toekenning van erelidmaatskap van enige persoon kan te eniger tyd skriftelik ingedien word by die sekretaris, medeonderteken deur minstens tien ander lede en vergesel van 'n gedetailleerde curriculum vitae van die benoemde persoon.
- 2.4.1 Die sekretaris moet elke geldige benoeming aan die uitvoerende komitee voorlê vir oorweging, aanvaarding of afkeuring.
- 2.4.2 Indien lidmaatskap toegestaan word, moet die sekretaris die erelid skriftelik in kennis stel van die toekenning.
- 2.4.3 'n Lid soos bedoel in subartikel 2.1(d) kan die regte uitoefen en geniet die voorregte soos uiteengesit in die brief wat erelidmaatskap aan sodanige lid toeken.

2.5 Beëindiging van lidmaatskap

Lidmaatskap van die Konvokasie word beëindig indien 'n lid te sterwe kom of by ontvangs deur die president van die Konvokasie van die lid se skriftelike bedanking.

3 Ampsdraers

- 3.1 Die Konvokasie verkies 'n president, 'n visepresident, tesourier en vyf addisionele lede uit eie geledere by 'n algemene vergadering om as uitvoerende komitee te dien vir 'n termyn van drie jaar vanaf die sluiting van die vergadering waarop die verkiesing plaasvind.
- 3.2 'n Ampsdraer wie se ampstermyn in 'n bepaalde hoedanigheid deur tydsverloop verstryk, kwalifiseer vir herverkiesing in dieselfde posisie vir nog 'n termyn.
- 3.3 In die verkiesing van die addisionele lede van die uitvoerende komitee moet geslag, ras en die multikampusaard van die Universiteit behoorlik in ag geneem word

- 3.4 'n Lid kan slegs as president verkies word indien sodanige lid vir minstens die twee jaar wat die verkiesing voorafgaan op die uitvoerende komitee gedien het.
- 3.5 Die sekretaris is die hoofverkiesingsbeampte van die konvokasie, wat die nodige reëlings vir voldoende rotasie en kontinuïteit van lidmaatskap van die uitvoerende komitee moet tref om te verseker dat die Konvokasie deurlopend in sy doel sal dien.
- 3.6 Die uitvoerende komitee hanteer tussen vergaderings van die Konvokasie alle aangeleenthede rakende die Konvokasie, onderworpe aan bekragtiging by die volgende vergadering van die Konvokasie.

4 Bywoning van vergaderings van die Uitvoerende Komitee

- 4.1 Die president kan lede van strukture van die Konvokasie en ander liggame soos bedoel in paragraaf 30(3) van die Statuut nooi om vergaderings van die uitvoerende komitee by te woon ter bevordering van die oogmerk van die Konvokasie soos bedoel in paragraaf 31 van die Statuut.
- 4.2 Die genooides soos bedoel in subartikel 4.1 kan deur die president toegelaat word om die uitvoerende komitee toe te spreek, maar het geen stemreg in die vergadering nie.

5 Verkiesing van Raadslede

Vir die vul van vakatures in die lidmaatskap van die Raad soos bedoel in paragraaf 4(1)(i) van die Statuut moet lede verkies word in ooreenstemming met die bepalings van paragraaf 5 van die Statuut, saamgelees met die volgende reëls:

- 5.1 In die geval van 'n vakature wat deur tydsverloop ontstaan, stel die sekretaris minstens drie maande voor die verstryking van die ampstermyn van die betrokke Raadslid alle lede wie se name ten tyde van die versending van die kennisgewing op die konvokasierol verskyn elektronies in kennis van die vakature en van die prosedure vir die benoeming van kandidate.
- 5.2 Slegs die lede soos bedoel in subartikel 2.3 wie se name op die konvokasierol soos bedoel in 5.1 verskyn, is daarop geregtig om persone te benoem vir verkiesing tot die vakante posisie en om te stem in die verkiesing.
- 5.3 Minstens vyf stemgeregtigde lede moet 'n benoeming onderteken, wat aan die sekretaris voorgelê moet word op 'n datum, nie later nie as vier weke ná die datum van die kennisgewing soos bedoel in subartikel 5.1, soos vermeld in sodanige kennisgewing.
- 5.4 Indien die aantal benoemdes nie meer is as die aantal persone wat verkies moet word nie, verklaar die sekretaris die benoemdes as behoorlik verkose, en kondig hul verkiesing aan.
- 5.5 Indien daar meer kandidate benoem is as wat verkies moet word, stel die sekretaris so gou doenlik na die sluitingsdatum vir benoemings 'n stembrief elektronies beskikbaar aan alle stemgeregtigde lede, met die name van die kandidate in alfabetiese volgorde.
- 5.6 Stembriewe moet teruggestuur word om die sekretaris te bereik voor of op die datum gespesifiseer op die stembrief, wat nie minder mag wees as 21 dae na die uitreikingsdatum van die stembrief nie.
- 5.7 'n Stembrief wat nie voltooi is in ooreenstemming met die instruksies wat daarop verskyn nie, of wat die sekretaris eers ná die gespesifiseerde datum bereik, is ongeldig.
- 5.8 In die bepaling van die uitkoms van 'n verkiesing word die sekretaris bygestaan deur twee natellers wat deur die president aangestel word.
- 5.9 'n Lid wat nie toegang het tot die elektroniese middele om deel te neem aan die benoemings- of elektroniese proses nie moet die sekretaris daarvan in kennis stel en van 'n ander geskikte manier voorsien word om deel te neem.

6 Lede van die Konvokasie aangewys as lede van die forum

- 6.1 Indien die president ingevolge paragraaf 22(1)(h) van die Statuut versoek word om 'n lid aan te wys as lid van die forum, moet die president lede nooi om benoemings aan die sekretaris voor te lê.
- 6.2 Die president moet, op advies van die uitvoerende komitee, die vereiste aantal forumlede uit die lys benoemdes benoem.

7 Vergaderings

- 7.1 Vergaderings van die Konvokasie moet gehou word in ooreenstemming met paragraaf 34 van die Statuut en hierdie grondwet.

- 7.2 'n Buitengewone vergadering kan deur die president belê word in oorleg met die uitvoerende komitee, en moet deur die president belê word binne een maand nadat sodanige buitengewone vergadering skriftelik versoek is deur minstens vyftig lede, met 'n uiteensetting van sake wat bespreek moet word en 'n duidelike aanduiding van die redes wat 'n dringende vergadering regverdig.
- 7.3 Die kworum vir enige vergadering van die Konvokasie is vyftig lede.
- 7.4 Die kworum vir enige vergadering van die uitvoerende komitee is vyf lede van die uitvoerende komitee.

8 Prosedure by vergaderings

- 8.1 'n Gewone vergadering, nadat dit saamgestel en geopen is, begin met die lees en goedkeuring, deur middel van ondertekening deur die voorsitter, van die notule van die vorige gewone vergadering en die notule van alle daaropvolgende buitengewone vergaderings.
- 8.2 Enige beswaar teen die notule word geopper en bygelê voordat die notule bevestig word.
- 8.3 Die notule kan as gelees beskou word indien 'n afskrif van die konsepnotule minstens 'n week voor die vergadering aan elke lid verskaf is.
- 8.4 Die aantal stemme vir of teen enige voorstel word nie genotuleer nie, tensy die vergadering so besluit of die president, op versoek van 'n lid, bepaal dat die stem of onthouding van stemming van sodanige lid genotuleer word.
- 8.5 Geen sake anders as dié wat gelys is in die kennisgewing van 'n buitengewone vergadering word by sodanige vergadering hanteer nie, tensy al die lede wat teenwoordig is by sodanige vergadering daartoe instem.
- 8.6 Om ingesluit te word in die agenda moet kennisgewing van enige mosie op skrif wees en by die sekretaris ingedien word minstens tien dae voor die datum van die vergadering.
- 8.7 Geen mosie of enige wysiging daarvan wat in die loop van 'n vergadering voorgestel word, word hanteer nie, tensy dit gesekondeer word, en indien die voorsitter so bepaal, moet sodanige mosie of wysiging skriftelik ingedien word.
- 8.8 'n Lid kry nie, behalwe met toestemming van die vergadering, meer as een spreekbeurt oor enige mosie of wysiging daarvan nie, maar die voorsteller van 'n mosie het die reg tot repliek.
- 8.9 Enige lid kan voorstel dat 'n onderwerp van bespreking in komitee hanteer word en, indien dit gesekondeer word, word sodanige mosie tot stemming gebring sonder dat dit bespreek word.
- 8.10 Indien 'n mosie soos bedoel in paragraaf 8.9 aanvaar word, gaan die vergadering summier in komitee, waarna enige lid meer as een keer oor die onderwerp van bespreking kan praat.
- 8.11 'n Lid mag nie deelneem aan die bespreking van of stemming oor enige saak waarin die lid 'n regstreekse finansiële of ander belang het nie, tensy die lid die aard en omvang van die belang verklaar en die vergadering se toestemming kry om deel te neem aan die bespreking of om te stem.
- 8.12 Behoudens subartikels 8.14 en 8.15 word alle sake beslis deur 'n meerderheid van die stemme wat uitgebring word.
- 8.13 Die voorsitter het 'n gewone stem, maar moet ook 'n beslissende stem uitbring in geval van 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid.
- 8.14 Die voorsitter kan bepaal dat 'n geheime stemming gehou moet word – en móét so bepaal indien die vergadering so besluit.
- 8.15 Stemming oor persone moet altyd per geheime stemming geskied.
- 8.16 'n Punt van orde, verduideliking of inligting kan in enige vergadering van die Konvokasie geopper word, wat deur die voorsitter toegelaat of geweier kan word.
- 8.17 Indien 'n punt van orde, verduideliking of inligting geweier word deur die voorsitter, kan die lid wat die punt geopper het, versoek dat die vergadering besluit of die punt toegelaat moet word, in welke geval 'n stemming gehou word sonder bespreking van die inhoud van die mosie.
- 8.18 Die siening van 'n lid wat nie in staat is om 'n vergadering by te woon, kan skriftelik ingedien word, maar tel nie as 'n stem van sodanige lid nie.
- 8.19 Behalwe vir persone wat met die toestemming van 'n vergadering deur die president genooi word, mag vergaderings slegs deur lede bygewoon word.
- 8.20 Enigiemand wat 'n vergadering bywoon en wat – nadat hulle versoek is om hulle van oneerbiedige of wanordelike gedrag te weerhou wat redelikerwys as ontwrigtend beskou kan word – voortgaan om 'n

beslissing van die voorsitter te verontagsaam, kan versoek word om die vergadering te verlaat en, indien die persoon nie die vergadering onmiddellik verlaat nie, moet sodanige persoon se deelname aan die vergadering beëindig word.

- 8.21 Indien 'n lid se deelname aan 'n vergadering beëindig word soos bedoel in subartikel 8.20, moet die lid homself/haarself onderwerp aan die prosedures soos neergelê deur die uitvoerende komitee ten einde toegelaat te word om deel te neem aan vergaderings of ander aktiwiteite van die Konvokasie.

9 Elektroniese besluite

- 9.1 Benewens verkiesings wat ingevolge artikel 5 van hierdie grondwet elektronies onderneem word, kan die president op advies van die uitvoerende komitee bepaal dat sake wat deur die Konvokasie besluit moet word elektronies aan alle lede gekommunikeer word vir hul oorweging.
- 9.2 Response op sodanige kommunikasie, elektronies of andersins, moet geboekstaaf word deur die sekretaris, en indien 'n meerderheid van die response ten gunste is van die aanvaarding daarvan, moet die besluit beskou word as geneem deur 'n vergadering van die Konvokasie en as sodanig genotuleer word, onderhewig aan bevestiging deur die volgende gewone vergadering.
- 9.3 'n Lid wat nie toegang het tot die elektroniese middele om deel te neem aan elektroniese besluitneming nie moet die sekretaris daarvan in kennis stel en van 'n ander geskikte manier voorsien word om deel te neem.

10 Bevoegdhede en tekenmagte

- 10.1 Die Konvokasie kan fondse werf, ontvang en toewys ter bevordering van sy doelstellings en besluite, en kan met hierdie doel voor oë 'n geskikte rekening met 'n toegewyde stel subrekenings oopmaak binne die Universiteit se finansiële stelsel.
- 10.2 Alle finansiële transaksies wat deur of namens die Konvokasie onderneem word en enige eiendom of goedere wat ontvang, gehou of vervreem word, moet bestuur word in ooreenstemming met toepaslike beleide van die Universiteit, sy stelsels en prosesse.
- 10.3 Die president, visepresident en tesourier het tekenmagte namens die Konvokasie.

11 Wysiging

- 11.1 Voorstelle vir die wysiging van hierdie grondwet vir goedkeuring deur die Raad kan aanvaar word deur 'n tweederdemeerderheid van die lede wat by 'n algemene vergadering teenwoordig is.
- 11.2 Minstens twee maande voor 'n algemene vergadering waar wysigings aan hierdie grondwet oorweeg moet word, moet die sekretaris alle lede skriftelik in kennis stel van die voorgestelde wysigings.
- 11.3 Daar kan weggedoen word met die vereistes soos bedoel in subartikel 11.2 indien dit goedgekeur word deur 'n driekwart-meerderheid van die lede wat by 'n algemene vergadering teenwoordig is.

Original details: (10210288) H:\1. Governance\1.3 Governance structures\1.3.33 Convocation\1.3.33.1 Terms of Reference\2018\2018 Constitution of the NWU Convocation_to Council.docm | 20 March 2018

File reference: 1.3.33.1

STATUTÊRE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP DIE KONVOKASIE VAN DIE NWU

Ingevolge artikel 26(2)(g) van die *Wet op Hoër Onderwys* 101 van 1997, maak die *Statuut van die Noordwes-Universiteit* (2017), waarmee die grondwet van die Konvokasie saamgelees moet word, voorsiening vir die totstandbrenging, grondwet, doelstellings, funksies, lidmaatskap, stemreg, president, uitvoerende komitee en vergaderings van die Konvokasie in die paragrafe hierin uiteengesit vir maklike verwysing:

Totstandbrenging en grondwet van Konvokasie

- 30.(1)** Daar is 'n Noordwes-Universiteit-Konvokasie.
- (2) Die Raad moet, met die instemming van die Konvokasie, 'n grondwet vir die Konvokasie goedkeur.
- (3) Die Konvokasie kan eie strukture tot stand bring ingevolge die grondwet daarvan, en kan geskikte strukturele reëlings met ander liggame binne of buite die Universiteit aangaan om hul doelwitte te bereik.

Doelstelling en funksies

- 31.(1)** Die Konvokasie se vernaamste doelstelling is om wedersyds voordelige verhoudinge tussen die Universiteit en sy alumni te vestig en verder te ontwikkel ten einde die welsyn van die Universiteit en huidige en toekomstige Konvokasielede te bevorder.
- (2) Ten einde hierdie doelstelling te bereik, kan die Konvokasie –
- (a) lede van die Raad aanwys ingevolge paragraaf 32(1);
- (b) 'n alumnivereniging van die Universiteit tot stand bring;
- (c) steun verleen aan ander universiteitstrukture wat fokus op die bevordering van professionele, opvoedkundige, maatskaplike en ander verhoudinge tussen die Universiteit en alumni en tussen groepe alumni onderling;
- (d) vergader om enige aangeleentheid te bespreek wat van belang is vir die Universiteit en alumni, en enige besluit aan die Universiteit se bestuurstrukture of aan die breër publiek deurgee;
- (e) 'n databasis van Konvokasielede in stand hou ten einde kommunikasie en inligtingverspreiding tussen lede en die Universiteit te verbeter, en die kiesersrol vir die verkiesing van Raadslede byhou.

Lidmaatskap en stemreg

- 32.(1)** Elke gegradueerde van die Universiteit of sy voorgangers kwalifiseer vir lidmaatskap van die Konvokasie, om benoem te word om verkies te word as lid van die Raad, en om te stem in 'n verkiesing van Raadslede ingevolge paragraaf 5.
- (2) Elke gediplomeerde en elke permanente personeellid, tans of in die verlede, van die Universiteit of sy voorgangers kwalifiseer vir lidmaatskap van die Konvokasie ingevolge subparagraaf 3.
- (3) Die Konvokasie kan tipes lidmaatskap omskryf benewens dié wat in subparagraaf (1) en (2) bedoel word en, in die grondwet van die Konvokasie, die regte en voorregte met betrekking tot sodanige ander tipes lidmaatskap bepaal.
- (4) 'n Lid is daarop geregtig om deel te neem aan die verrigtinge, aktiwiteite of verkiesings wat, ingevolge die grondwet van die Konvokasie, oop is vir daardie lid se tipe lidmaatskap, soos in die Konvokasierol weerspieël, indien –
- (a) die lid se persoonlike besonderhede, geldige posadres, en sodanige ander kommunikasiekanale wat van tyd tot tyd ingevolge die grondwet van die Konvokasie bepaal word, aan die Registrateur voorsien is; en

- (b) die lid die voorgeskrewe ledegeld soos bepaal deur die Raad op aanbeveling van die Konvokasie in 'n rekening van die Konvokasie inbetaal het.

President en uitvoerende komitee

- 33.(1) Die Konvokasie kies uit eie geledere op 'n algemene vergadering 'n president, 'n vise-president en sodanige ander amptenare in die uitvoerende komitee daarvan as wat die grondwet van die Konvokasie bepaal.
- (2) (a) Die ampstermyn van die president, die vise-president en die ander lede van die uitvoerende komitee is drie jaar vanaf die sluiting van die vergadering waarop die verkiesing plaasvind.
- (b) Indien daar nie in die derde jaar van die ampstermyn van die president 'n vergadering van die Konvokasie gehou word nie, word die ampstermyn van die president verleng tot na afloop van die eersvolgende vergadering van die Konvokasie.
- (3) In die geval van 'n vakature in die uitvoerende komitee vóór verstryking van die ampstermyn moet die ander lede van die uitvoerende komitee 'n persoon koöpteer om die vakature vir die oorblywende deel van die ampstermyn te vul.
- (4) Die president kan van tyd tot tyd aanbeveel dat die Konvokasie komitees tot stand bring bestaande uit lede van die Konvokasie wat vir die uitvoering van bepaalde werksaamhede dienstig kan wees.

Vergaderings

- 34.(1) Soos bepaal deur die grondwet van die Konvokasie moet 'n algemene vergadering minstens een maal elke drie jaar deur die president by die setel van die Universiteit belê word, of op 'n ander plek soos bepaal deur die president, met inagnome van die multikampus aard van die Universiteit.
- (2) (a) Die president is die voorsitter van alle vergaderings van die Konvokasie.
- (b) In die afwesigheid van die president tree die vise-president as voorsitter van die konvokasie op. Indien die vise-president ook afwesig is, kies die lede van die konvokasie uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.
- (3) Die tipes vergaderings, reëls vir die belê daarvan, kworumvereistes, agendas en vergaderingprosedures vir die vergaderings van die konvokasie en die uitvoerende komitee, en skakeling met ander liggame van die Universiteit en die algemene publiek moet deur die grondwet van die konvokasie bepaal word.
- (4) Gesamentlike vergaderings van die konvokasie en enige ander universiteitstruktuur verantwoordelik vir skakeling met individuele oudstudeerders of groepe oudstudeerders kan op enige tydstip in oorleg met die uitvoerende komitee van die Noordwes-Universiteit se Alumnivereniging gehou word.
- (5) 'n Vergadering van die konvokasie kan enige aangeleentheid bespreek wat die Universiteit of alumni raak, met inbegrip van sake wat die Raad na die Konvokasie verwys vir advies, en die president van die Konvokasie moet die standpunt van die Konvokasie aan die Raad oordra.
- (6) 'n Afskrif van die besluite van die Konvokasie, en 'n kennisgewing van sodanige ander aangeleenthede wat deur die Konvokasie bepaal word, behoorlik gewaarmerk deur die Voorsitter en die Registrateur, moet aan die Voorsitter van die Raad ter inligting van die Raad en aan die Visekanselier ter inligting van die Senaat gestuur word, en moet deur die Registrateur geboekstaaf word.